by my aan om passe te vra; die Kompanie het vir my gevra om die naturelle met passe te help. Ek wil nie hier praat oor my eie ongerief nie; as hul hier kom om getuienis af te lê moet ek vir hul passe uitskryf; as hul dorp toe wil gaan of hul wil iets anders doen, hul kom altyd by my vir passe en ek moet honderde passe uitskryf. Daar gaan nie 'n enkel dag verby wat ek nie 'n pas moet uitskryf nie; 'n man wil na 'n aangrensende plaas gaan; as hy strikt is en nie in gevaar wil kom nie, dan moet hy 'n pas dra; en ek meen dit is verskriklik ongerieflik. Ek het nie altyd dadelik tyd en miskien moet hul 'n uur wag voordat ek dit voor hul kan doen; dit is vir die volk self 'n groot las en ek meen daar behoor iets gedoen te word om die posisie makliker te maak; Maar om die pas heeltemal af te skaf, daarvoor glo ek is die tyd nog nie ryp nie. Dit is verstaanbaar dat die volk self daarop teen is om passe te moet dra, maar ek meen dat die beste politiek sal wees om versigtig te werk te gaan en om te sien wat die beste is wat gedoen kan word. Ek het langdaar gewoon en ek ken baie van die volk wat vertroubaar is. Hoe sal dit wees as sulke ou vertroubare naturelle miskien 'n jaarlikse pas sou kan kry ? 'n Pas wat miskien vir die distrik of vir die Provinsie geldig sou wees, sodat hul hul daar vry sou kan beweeg. Ek reken so 'n pas kan miskien aanbeveel word deur die grond eienaar en op aanbeveling van die grond eienaar sou dit deur die bevoegde persoon kan uitgegee word. 'n Boer wat byvoorbeeld ses families op sy plaas het, hy ken sy volk goed; hy weet wie van die mans daar vertroubaar is, en op aanbeveling van die eienaar sou die Naturelle Kommisari dan in staat wees vir so 'n man 'n pas te gee. Dit kan miskien 'n Provinsiale pas wees, miskien vir drie jaar, en in

drie jaar tyd kan hul dit uitbfei en kan hul dit 'n permanente pas maak. Maar ek stem toe dat dit onmoontlik is om die pas heeltemal te laat verval; dit sou verkeerd wees. Ek glo nie dat die tyd al ryp is om dit te doen.

U sou aan seker mense die reg gee om naturelle aan te beveel vir so 'n permanente pas ? - Ja, en ek glo dat dit ook vir die opvoeding van die naturel goed sal wees. Hy sal self-respek kry, en dit sal hom aanmoedig om hom goed te gedra sodat hy die uitsondering kan verdien.

Aan wie sou U die reg gee om die aanbeveling te maak ? - as ons die grond eienaar die reg gee dan sal ons nie veel teenstand teen die voorstel kry nie. Dit is wat my opinie is; maar as U dit aan iemand anders as die grond eienaar sou oorlaat, dan is ek bang dat daar baie teenstand sou kom. Maar daar is dan ook die kompaniesplase, en dit is eintlik waar ons moeilikhede kan verwag. Daar sal ook iemand moet wees wat vandaar die aanbeveling sal kan maak; maar onder die boer bevolking sal daar baie wees wat daarvoor sal wees om die goeie volk die vergunning te gee.

Maar in die geval van die kompaniesgronde, is die hoofde van die kompanies tog algemeen onbekend met die karakter van die volk wat op hul plase woon ? - Ja, dit is so, maar as hy nou sy volk die reg gee om sonder sy toestemming werk te gaan soek ... Op die p lisie kantore weet hul wat die kmrakters van die volk op daardie plase is; die polisie ken hulle en hul weet of die man 'n dief is of 'n skelm.

Daar is aanbeveel dat in die algemeen die spesiale pas moet afgeskaf word, met drie uitsonderings - die een vir naturelle wat agter 9 uur uit is, die twede vir naturelle wat vee dryf van die een plek na die ander en die derde is arbeidsdistrikte; in daardie drie gevalle moet hul spesiale

passe dra ? - Weet U, ek glo dat dit net aan 'n klein persentasie van die volk vergunning gee.

Hier in 'n distrik soos Lydenburg sou dit beteken dat hul almal die vergunning sou kry ? - Behalwe wanneer hul na 9 uur in die nag op straat wil wees; maar daarteen sou niemand beswaar maak nie, wat ek kan sien.

Hoe sou die publiek daarop reageer ? - Wel, ek glo nie dat hul ten gunste daarvan sou wees nie; 'n man op 'n plaas wil iets weet van die beweging van sy plaasvolk. Die grootste moeilikheid sal ons onder die boere bevolking kry.

Die boere wil dit alleen toeken aan die volk waarin hul volle vertrou het ? - Ja, en die groot ding sal wees dat die volk die volle vertrou sal wil kry.

DR. ROBERTS: Do you think that the receipt for the poll tax might be taken as a pass right through the country ? - Yes, that could be done; I cannot see much objection to it myself, but I am afraid that it will meet with a lot of opposition among the farmers; there will be quite a lot of opposition if the pass is abolished.

Do you think from your knowledge of them that the natives themselves will be in favour of that ? - Yes, I certainly think that they would be in favour of that suggestion.

So that it means that there is a difference ofoutlook. The farmer would want to have the old pass law, but the native would not, is that so ? - I think they would be satisfied with a yearly pass; they will be satisfied for the first time. Ek stel dit net voor as 'n tydelike modus vivendi totdat die publiek sal ryp wees vir wat Dr. Roberts hier net nou voorgestel het.

MENEER LE ROUX VAN NIEKERK: Net 'n tydelike plan ? - Ja, net vir die voorlopige tyd.

DR. ROBERTS: But making them have their tax receipt as a pass would have a double effect; they would pay more taxes ? - Yes, I suppose they would pay regularly; they would see to it that they got their pass as early as possible.

Then it would be a yearly pass ? - Yes, quite so.

Their pass would be their tax receipt ? - They would have their poll tax receipt beside that instead of a special pass, a yearly pass which would allow them to travel around the district or through the various kraals.

That would not help the poll tax; but if you were to use the poll tax receipt as their special pass, it would mean that you would get more revenue in ? - No, I do not think so. You will not get more revenue in, because if they go and ask for a pass, you must first sign the number of their poll tax receipt on that pass. That is the position to-day. If you give a boy a special pass to-day, you must first of all put on that special pass the number of his poll tax.

THE CHAIRMAN: In actual practice is that done ? - No, it would mean too much trouble. As a rule I just make a stroke; I have not got the time to look after his poll tax receipt.

DR. ROBERTS: You do not think it will be a help ? - No, it will not help towards making them pay regularly.

MR. LUCAS: In this district what are the farmers' objections to a scheme such as Dr. Roberts referred to ? - I am afraid that they will think that they will not have any control over the natives.

DR. ROBERTS: Are not we striving for free labour; that is to say that a boy comes and gives his labour freely; is not that what we are making for in the future ? - Yes, that is so.

THE CHAIRMAN: I take it that your point is that it will be easier to break labour contracts ? - Ja; mag ek nog iets sê oor die werkvolk. Hier in die distrik is omtrent 50 persent

van die naturelle op die kompaniesgronde en 50 persent is op boereplase. U het self gehoor dat daar onder die naturelle op boereplase groot ontevredenheid heers. Dit kan miskien logies verklaar word, maar as ons vir hul vra wat hul moeilikheid is dan sê hul, "Nee, ons sal nie sê nie - ons het ons moeilikhede, maar ons sal nie sê nie." Maar daar is moeilikhede en ek glo die Regeringmoet iets doen om die moeilikheid te verminder. Die moeilikheid op plase is soos 'n gelade geweer; dit kan een dag ontplof, en as daar naturelle agitators rondkom, dan vat dit nie baie vir die agitators om meer ontevredenheid te verwek en as die agitasie eenmaal aan die gang is dan kan die moeilikhede baie gevaarlik word. Ek glo nie dat dit baie moeilik sou wees om die moeilikhede wat nou bestaan uit die pad te ruim. Dit is my opinie. Waar ons moet oppas dat die klein moeilikhede wat nou bestaan nie deur die agitators tot groot moeilikhede verwek word. So ver as ons weet moet elke jong wat werk in die stede 'n kontrak hê, en die kontrak sê hoeveel hy moet betaal word en onder watter kondisies hy moet werk. Ek glo ons publiek moet opgevoed word en elke werkskontrak, waar dit ook is, moet geskryf word. Daar is miskien land eienaars wat bang sal wees om dit op te skryf; miskien het hul te veel volk. Maar as die kontrakte opgeskrewe word, dan sal daar nie die minste rede wees waarom die eienaars nie presies sal kan sê hoe hul staanmet hul volk; op die oomblik is die posisie so dat mense verkeerde impressies kry. Miskien, as 'n naturel by 'n boer kom en hul maak 'n mondelingse kontrak, dan meen die naturel dat hy op seker voorwaardes aangeneem is, terwyl die boer net iets anders dink; hul is onder verkeerde impressies en dit moet vermy word. Dit is om die rede wat ek sê dat daar geskrewe ooreenkomste moet wees. Die boere bevolking is nie daarop teen nie, maar die naturel is

daarop teen - dit kan ek sè. Ons Genootskap het baie grond hier. In die begin, toe ons eers naturelle op ons gronde gekry het, het ons ooreenkomste gehad, maar nou nie meer nie. Ons het ondervind dat die grootste moeilikheid met die naturel is dit, en dit het baie werk en baie moeite gekos om hul te kry om die ooreenkomste te teken. In sommige gevalle, voordat hul hul wil teken, het ons vir hul 'n trekpas moet gee. Nou het ons nie meer die moeilikheid nie. Die kondisies was dieselfde as wat dit vroëer was, maar hul would dit nie teken nie. Nou het hul so ver gekom dat die suspisie nou weg is. Ek reken dit moet verpligtend gemaak word en elke man moet op skrif set watter regte en voorregte 'n naturel wat op 'n boereplaas kom sal kry. Die boere mag miskien by mekaar kom en 'n bietjie oor die saak praat; hul kan die sienswyse van die naturelle hoor; maar ek meen dat al die boere die sienswyse van die naturelle ken; daar kan dan 'n model kontrak opgetrek word wat later ingevul kan word; en in die kontrak kan bepaal word dat die naturel wat op die plaas kom woon soveel bokke, soveel beeste en soveel skape kan aanhou en die aantal kan "blank" gelaat word en kan deur elke boer ingevul word met kennis van die naturel. Daar kan ook in die kontrak gesê word "Ek betaal jou soveel in die maand, en jy sal soveel grond kry om te bewerk vir jou self" en al die besonderhede kan later ingevul word. Ek, van my vader se kant, kom van 'n boere familie; ons het goedere in Europa en ons het net dieselfde soort van ooreenkoms met ons volk wat op ons plase woon. Daar is nie rede waarom ons nie dieselfde soort van ooreenkoms hier sou he nie. Ons gee hul soveel en hul doen soveel werk aen alles staan op skrif en hul dit sal 'n einde maak aan al die ontevredenheid en al die agitators wat nou inkom om moeilikheid te verwek sal vind dat daar niks meer vir hul te doen is nie.

Is die skriftelike kontrak in gebruik op al die

gronde van die Berlynse Sendings Genootskap ? - Ja, nou het ons dit; vroeër was daar maar net 'n los ooreenkoms, maar nou het ons 'n behoorlike skriftelike ooreenkoms.

Met kennis van die stelsel sal die suspisie verdwyn ? - Ja, dit sal verdwyn en daar sal nie meer valse voorstelling van sake wees nie. Die mense sal ook sien wat op die ooreenkoms staan. As mense 'n kontrak met 'n naturel aangaan dat hy 90 dae moet werk, dan sal hy nie 91 dae werk as dit op skrif staan dat hy 90 dae moet werk.

DR. FOURIE: Die posisie is dat daar baie misverstand kom deur die losse stelsel ? - Dit is so.

En ons moet versigtig wees met die getuienis wat ons op die kwessie voor ons gehad het ? - Ja, ek meen so.

Ons het hier 'n getuie gehad - Dirk Khana was sy naam; ken U vir hom ? - Ja, ek ken hom goed. Daardie man het by my op my stasie gewoon, maar deur sy optreding en deurdat hy nie agter sy vrou wou kyk nie en niks vir haar wou doen nie is hy by my weg.

VOORSITTER: Hy het vir ons gesê hy is 'n leier van die naturelle ? - Ja, maar dit is nie so nie. Hul het self vir hom gevra: "Hoekom sê jy dat jy 'n leier van ons is?" Hul wil hom nier erken as 'n leier nie.

DR. FOURIE: Sou U sê dat hy 'n agitator is ? - Ja.

MENEER MOSTERT: Ek verstaan die naturel is teen die geskrewe kontrak ? - Ja, dit is seker so.

Hy wil nie eens 'n mondelingse kontrak hê nie ? - Dit is so. Die karakter trek van elkenaturel is suspisieus. As die een naturel 'n bietjie bier kry van die ander, dan moet die ander eers daarvan drink om te bewys daar is nie gif in nie. Kry hul 'n kontrak, sê hul, "Dit is 'n slagyster om vir ons te vang." Ek het ons kontrakte en ek sê vir

hul, "Vat dit na die kantoor voordat jul dit teken en vra of daar iets verkeerds in daardie kontrak is; vat dit na die agente en laat hul vir jou sê." Maar die heel moeilikheid is dat die naturel se karaktertrek is dat hy suspisieus is.

Blameer U nou meer die boer dat hul nie 'n skriftelike kontrak wil maak nie, ofdie naturel; is die boer ten gunste van die kontrak ? - Ja, hy is meer ten gunste van die kontrak as wat die naturel is.

Maar die naturel is nie ten gunste van die kontrak nie ? - Nee, dit is so. Maar ons behoor dit verpligtend te laat maak dat daar 'n skriftelike kontrak sal wees.

Glo U nie dat as dit verpligtend gemaak sal word dat die boer sy werkvolk sal verlies ? - Nee, hy sal nie. Ek glo dat die naturel dit in die einde sal teken.

DR. ROBERTS: Is not it possible that what we call "suspicion" is not the right word. They do not quite understand what we want; is not that really what you mean to convey to the Commission ? - Well, I don't know...

It is not suspicion ? - Well, they are suspicious. Even the husband has suspicion of his wife.

What I am trying to get at is that we may give a wrong impression of the word; it arises more from dislike and that they consider that we are not doing justice to them, whereas what the real cause is, is that they do not understand us. It is lack of knowledge ? - No.

We are assuming that all humanity thinks exactly the same way, but as a matter of fact they do not; the native thinks very differently from what we do ? - That may be, and possibly it is so. I just want to give an instance to show what I am trying to prove. I had a boy, and he was

feeling ill, as he told me. I felt sorry for him; he wanted to see a doctor, so I lent him a horse to go to the doctor. Well, on his way to the doctor he had an accident; he was suspicious that I lent him that horse only so that he should have that accident... He was not suspicious of me for the reason that I was a European; he is just as suspicious of his own people; so that does not enter into the matter.

Surely you would not call that suspicion ? - Well, I don't know; perhaps I am not conveying my meaningto you; possibly my English is not too good.

To my way of thinking the native is a very open man, very open in his ways ? - No, no, no -- certainly not.

MR. LUCAS: How long have you been in this district ?- I have been here since the year 1912.

And is that your total time in South Africa ? - No, I came to South Africa in 1907.

In the period that you have been here, have you noticed any change in the attitude of the native towards the White man ? - Yes, certainly. Weet U, die gevoelens, die rasse gevoelens, die rasse haat word elke jaar groter en groter. En ek kan dit nou sien - in die laaste tyd is dit aangewakker deur die kongresse van die I.C.U. en sulke dinge, en ek meen dat hul nou en bloc die wit nasies vat as vyande van die swart nasie. Die verstandiges onder die naturelle sê "Nee, die witmense is vriende van ons en ons moet hul help; ons moet ons vriende nie vir die kop stuit nie." Die naturel wat bevriend is vir die witmense sê, "Ons moet nie hul vriendskap verlies nie." Maar die ander kant word elke dag sterker en sterker; hul word groter en groter, en die gevoel groei onder hul dat die naturelle wat goedgesind is teenoor die witmense ook onder die kategorie van vyande van die naturel behoor te kom.

MENEER MOSTERT: Die vriende van die witmense onder die kaffers word nou ook beskou as vyande ? - Ja.

Ou vriende van die kaffers, wat altyd as vriende beskou is, word nou as vyande beskou ? - Ja.

MR. LUCAS: Now the I.C.U. congresses must have something to work upon; you cannot make satisfied people hate ? - In Lydenburg they started with this form of agitation business. Hier het hul as hul originele punt die toestande op die plase gevat; en dit skyn vrugbare grond te wees; hul het hier die witmense op die punte hard aangeval en groot agitasie onder die naturelle op die plase verwek.

VOORSITTER: Is dit toe te skrywe aan die groot druk van ekonomise kondisies wat noodwendig kom met toenemende bevolking; is dit die aanknopingspunt gewees ? - Die ekonomiese posisie van die inboorling is ooral treurig en as mens die werkvolk op 'n plaas vat en die vergelyk met die volk wat by Major Hunt is, dan glo ek dat die volk op die plaas in 'n beter posisie is as die mense in die kaffer reserwes. Hul het ekonomies - wel miskien het hul 'n beter posisie - maar hul kan nie 'n beter lewe maak nie; dis waar die mense in die reserwes het miskien meer vee, maar op die plase het die mense meer kos. Die groot grief is dat hul nou gebonde is met hul vrou en kinders om op die plase te bly.

MENEER MOSTERT: U meen dat op die boer se plaas is hul beter af ? - Ja; ek was die laaste jaar by Major Hunt gewees, en die meeste volk daar was nie genoeg gevoed nie, maar op die boereplase het hul tenminste genoeg kos.

VOORSITTER: In ander woorde, die wêreld word nouer met die toenemende bevolking ? - Ja, dit is so.

En dit meen groter ekonomiese pressie, en dit word aan die witmense toegeskryf ? - Ja; die witman boer meer intensief; en omdat hy meer werk het en meer volk vir sy

werk nodig het, gee dit groter ontevredenheid.

MR. LUCAS: Does he make the natives work hardɐr now than he did years ago ? - Yes, he certainly does.

I want to follow this up. Can you give us a list of what the natives feel are grievances here. Can you give us the grievances, as you know them, of the native in this area; just or unjust grievances ? - I think you heard all these grievances, mainly about farm labour.

Were you here yesterday when that native told us that he had got his trekpass because his two sons had run away ? - Yes, I heard him give you that information.

Do you happen to know that particular case ? - No, I do not know that particular one, but I know of hundreds who state just the same kind of thing.

Did he state the facts correctly as you know them in those other cases ? - I think that he did not give the true reason. He gave a reason, but not the true one.

Can you tell us what is the right reason ? - I do not believe that he got his trekpass because his two sons had run away; that was not the real reason.

THE CHAIRMAN: So long as he could work himself ? - There is another reason, probably, but he mentioned this particular one to the Commission; there is another reason, but that one he will not put before you.

Die land word nou ooral nouer; alles word nou noodwendig beperk; skryf die naturel dit toe aan die kwaadwilligheid van die witman ? - Nee, ek sal dit nie sê nie; toe ek hier gekom het was die posisie anders gewees. Ons het veel opposisie gekry, selfs met sendingswerk, maar namate ons meer met die boere in aanraking gekom het, het ons meer ondersteuning gekry, en ek voel dit word altyd

beter. Die gevoelens was vroëer heeltemal anders.

Ja, U praat nou oor die gevoelens van die boere teenoor die sendingswerk; maar wat ek wil weet, is of die kaffers die feit dat hul in alle opsigte meer beperk is toeskryf aan die kwaadwilligheid van die witman ? - Nee, die kaffer werk nou meer as wat hy vroëer gedoen het.

Blameer die kaffer die witman ? - Ja.

Omdat hy harder moet werk ? - Ja.

Hy blameer nie die feit dat die grond nie soveel kan dra nie; hy blameer nie die feit dat daar meer beperkings is as wat daar vroëer was ? - Nee.

MR. LUCAS: Do you think the position economically is worse than it was when you came here ? - No, I should imagine that it is just the same as it was in those olden days; but there are other influences at work.

VOORSITTER: Is dit nou moeiliker om 'n lewe hier te maak as wat dit in 1907 was - vir die witman ? - Ek kan nie sê nie; maar dit kan ek wel sê; die kaffer kry elke jaar meer en meer behoeftes; 'n Jong op 'n plaas wil tee en koffie en sulke dinge hê, en hy wil 'n hemp dra; maar in die reserwe daar weet hy nie van tee en koffie nie. Sy behoeftes word groter; en natuurlik die skaarste voel hy ook.

Die wereld word vir hom swaarder omdat hy meer leer geniet het, van meer dinge leer geniet het ? - Ja, dit is so, en sy behoeftes het groter geword namate hy van meer dinge leer geniet het.

MR. LUCAS: The question I put to you is about the relations between white and black. Have you noticed any change in the attitude of the native, any change in his trust of the Government ? - No, I cannot say that.

Do they, as far as you know, trust the Government

to work in their interests ? - Yes, I think so.

But as far as the mass are concerned, do you find any unfavourable change there, so far as you can see ? - Yes, there is an unfavourable change, I am afraid.

DR. ROBERTS: Not towards the missionaries ? - Yes, towards all; I ha ve been a friend of theirs, and I find a change; there is no doubt about that.

We have had natives here who were not friendly disposed towards the missions ? - They just mentioned these points, but the real points were that they wanted to be free from White supervision; that was at the back of it all.

Is that part of this general agitation of which you were speaking ? - Yes, they want to be free of White supervision; that is what they are after.

Is it too late to get back to the friendly attitude ? - No, certainly not; it is not too late.

What steps should be taken to achieve that ? - It is difficult to say offhand what could be done.

I mean the general attitude of the natives; there are a large number who look upon the White men as their enemies is not that so ? - If one sees conditions here in South Africa, there are few people, comparatively speaking, who realise what the position is.... Die inboorling wil gehelp word om homself ekonomies op te hef. Daar is maar min mense hier wat die voordeel daarvan sien; want wat nou eintlik gedaan is, is deur sendingswerk gedaan; sodra as die inboorlinge sal sien dat hier in Suid Afrika mense is wat moreel, ekonomies en sosiaal hul wil ophef, en wil sien dat hul beter, bekwamer mense sal word, dan sal die suspisie heeltemal wegval; daarvan is ek oortuig.

DR. FOURIE: Kan U merk onder die jonger geslag

dat hul meer uit is vir die voordeel van die naturel as van onderwys, kristelike onderwys; hul wil weg van die kristelike onderwys ? - Ja, hul wil net vry wees van kontrole.

Dit is waar hul op uit is ? - Ja.

En hul meen dat die kontrole in die sendingsskole te groot is en te hard is ? - Ja, dit is die ding. Maar die agitasie is nie soseer onder die kapteins en onder die mense self as wat dit onder die onderwysers is.

Die onderwysers dink dat as daar 'n skool is sonder kontrole dan kan hul doen en laat soos hul wil ? - Ja.

Hy is die man by wie die stam bewussyn verdwyn het? - Ja, dit is ongelukkig so.

VOORSITTER: Is die beswaar van die onderwysers nie toe te skrywe aan die gedagte dat die Regering hul beter salaris sal betaal nie ? - Ek het onder my 80 skole en daarvan het twee dosyn - meer of min - Regerings subsidie. Die onderwysers van die Regering word beter betaal, maar hul is ook beter kwalifiseer. Dit is die slegter elemente wat nie supervisie wil hê nie.

U glo nie dat die begeerte vir hoër lone daarin 'n groot rol speel nie ? - Nee, ek glo dit nie.

MR. LUCAS: I am not quite clear that the last answer which you gave met fitted in with what I understood you to say before. Some of the teachers are the leaders in this dissatisfaction ? - That is so.

Is there in your opinion any serious justification for the dissatisfaction which exists ? - Dit is wat die posisie is: dit is jammer dat Dick, Tom en Harry maar sendelings kan wees as hul wil; net soos 'n tandarts behoor hul 'n sertifikaat te hê. Baie van my vriende is bang om vir my 'n sendeling te noem; hul vermy dit. Ek glo dat

daar baie sendelinge is wat die "psyche" van die inboorling nie ken nie en die gevolg daarvan is dat die inboorlingmeen dat hy nie reg behandel word nie; hul kry 'n gevoel van onreg en die gevoelens groei en groei, en baie van ons moeilikhede is daaraan toe te skryf.

So you say that there is no justification for this dissatisfaction ? - In gevalle waar die inboorling slegbehandel is, is daar rede vir die ontevredenheid.

MENEER LE ROUX VAN NIEKERK: As daar nou 'n skool moet gestig word in 'n lokasie, en die skool staan onder U toesig, dan het U die reg om die onderwyser te ontslaan as hy hom verkeerd gedra ? - Ja, seker.

Maar as hy onder die Regering kom, dan staan hy onder die Inspekteur ? - Dit is so.

En die inspekteur kan hom nie meer as eenmal in die jaar sien nie ? - Ja, dit is wat hul wil hê.

Die inspekteur weet niks af van sy gedrag nie; hy weet net alleen van die werk ? - Dit is heeltemal waar.

En die onderwyser ~~weetxniks~~ wil los wees van die sendeling, is dit nie so nie ? - Ja, hy wil los wees van kontrole.

Die Inspekteur kan hom nie bekommer oor die gedrag van die onderwyser nie; hy kom net eenmaal in die jaar en alles waarvan hy afweet is wat hy sien as hy daar kom - en dit is wat die onderwyser wil hê ? - Ja, hy wil los wees.

Die inspekteur kan nie so gou agter dinge kom as daar iets verkeerd is met sy gedrag ? - Ja, dit is so.

MR. LUCAS: Is that the cause of the dissatisfaction which I gather from you is in existence ? - Yes; ons is nie daarop teen nie, dat hul na hul besnydenis skool sal gaan. Maar die meeste objeksie wat hul het is hier; die kaffer kapteins het 'n sisteem dat die klein meisies en die kaffer

jongetjies moet werk voordat hul na die besnydenis skool gaan. Hul moet die werk doen voordat hul na die skool toe gaan, en as die kinders nie na die skool kan gaan nie, dan sal die kaffer kapteins nie die werk van daardie kinders kry nie. Daar is baie mense wat die houding op neem: "Jy kan skool toe gaan, maar jy kan nie daardie werk gaan doen vir die kaffer kapteins nie." Dit is waar al die moeilikheid inkom.

DR. FOURIE: En wat omtrent lobola ? Is U teen daardie gewoonte dat daar lobola betaal word ? - Nee, ons is nie daarop teen nie; ons sê: "Jul kan lobola betaal", maar ons waak net dat daar nie uitspatting sal gebeur nie. Daar is groot geleentheid vir uitspatting en daar is ons op teen. Maar anders het ons nie besware nie.

MR. LUCAS: Do you know anything about the origin and the causes of the Amalaita system ? - I just know about the Amalaitas, that is all.

You do not know how they came into being, do you ? - No, we have no Amalaitas in this district.

VOORSITTER: Is daar nog ander punte wat U voor ons wil lê ? - Ja, ek wil nog graag dit sê. Ek wil nog graag iets oor die gesondheidstoestand van die naturelle praat. U was by die hospitaal gewees, maar U het nie die dokter daar gesien nie. Ek weet wat die posisie is as die dokter by een van ons stasies kom in die Middelburg distrik. As hy daar kom dan kom hy net eenmaal in die week en dan kry hy van 150 tot 200 pasjente wat daar by hom kom om sy hulp te soek. Ek glo dat die gesondheids toestand van die inboorlinge nie van die beste is nie.

Is daar baie siektes ? - Ja, in die eerste plaas, die kindersterfte onder hul is groot. Ek ken vrouens daar

wat ses kinders het, daar is ander vrouens wat sewe kinders het - net twee van hul het gegroei. Hul het lelike siektes, mees onsedelike siektes. Die 200 wat na diedokter gaan is maar net 'n klein persentasie van die werklike nommers in die plek wat siek is en wat behoor behandeling te kry. Dit is baie ernstig. Dit is daardie soort van siektes wat onder die swart mense raas en wat baie ernstig is.

VOORSITTER: U bedoel veneriese siektes ? - Ja, en dan is daar nog ander siektes ook, soos malaria. Ek wil net een geval noem om te wys hoe ernstig die siekte is. Hieronder was 'n plaas gekoop deur die Bos Department en die volk wat daar was het moet trek; daar was ongeveer 200 families gewees - nee 120 families. Hul het in die dieretuin ingetrek. Ek het die volk daar gesien. Toe die rëentyd kom het uit daardie mense - daar was miskien al te saam 500 van hul gewees - 50 gesterf aan koors. Ek het die kwessie hier voor die kommissie gebring met die hoop dat daar miskien iets gedoen kan word om die mense daar uit die dieretuin uit te help; miskien kan daar helpers gestuur word om verbande te maak, miskien kan daar op andere maniere hulp aan hul verleen word.

MR. LUCAS: Do you mean that nurses should be sent ? - Ja, as dit gedoen kan word. Vrouelike nurses kan daar nie so baie help nie, maar dit sou meer nuttig wees as ons daar manne sou kan stuur wat sou kan help om die mense beter te maak; daar behoor mense te wees om die volk daar te ondersteun, om verbande te maak, waar dit nodig is en om kinien uit te deel.

Is dit baie arm mense ? - Ja, hul het niks nie. Hul het maar net die dieretuin ingetrek en nou weet hul nie wat hul kan maak nie. Dan wil ek nog iets sê. Major Hunt het

hier vir U vertel hy het omtrent £5,000 en hy het iets gevat vir opvoedings doeleindes vir die inboorlinge, maar die Onderwys Department het daardie voorstel verwerp en hul het gesê dat daardie werk om die naturelle op te voed werk is vir die Unie of vir die Provinsie. Nou die Unie en die Provinsie betaal net die salarisse van die onderwysers en hul betaal vir die uitrusting van die skole. Nou as dit moontlik sou wees om £1,000 vir onderwys doeleindes te kan kry sodat die geld bestee kan word om skole te bou, dan sou ons op die manier die naturelle baie nuttig kan help.

Maar is dit nie iets wat deur die Regering gedoen word en wat hul vir Major Hunt gesé het dat hy nie kan doen nie ? - Nee, daar is baie dinge wat die Unie nie kan doen nie. Die geld sou baie nuttig kan bestee word. Daar is mense wat baie graag 'n "tribal" school wil bou en as dit gedoen kan word sou dit van die grootste nut wees.

Doen hul dit nie self nie ? - Die mense sou die stene kan brand en hul sou al die ander materiale self kan aanbring maar die geld sou kan gebruik word om die nodig werk te doen. Ek sal baie dankbaar wees as die Kommissie in daardie opsig sou kan help, want daar is groot behoeftes om skole van die aard te kry. Major Hunt het probeer om iets te doen, maar die Provinsie het hom nie toegestaan om dit te doen nie, miskien kan die Kommissie ons hier help.

DIE KOMMISSIE HET TOT DIE VOLGENDE DAG VERDAAG.

---

**Collection Number: AD1438**

**NATIVE ECONOMIC COMMISSION 1930-1932, Evidence and Memoranda**

***PUBLISHER:***
*Collection funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.